**Aberdeenstraat 559**

**Elarduspark**

**0181**

**Cel: Mariè 083 981 9589 Pieter 084 761 1393**

**E-pos: info@juffroumarie.co.za**

**www.juffroumarie.co.za**

Juffrou Marié se NASKOOL

# AANSOEKVORM VIR TOELATING TOT JUFFROU MARIÉ SE NASKOOL

Datum van aansoek: ____________________

Datum van toelating verlang: ____________________

Huwelikstatus van ouers: ____________________

**Indien geskei:**

1 By wie woon die leerder? ____________________

2. Het die ander party toegang tot leerder? ____________________

Moeder: Van en Naam: ____________________

ID-nommer: ____________________ Werkgewer: ____________________

Werkgewer adres: ____________________

E-pos adres: ____________________

Werk telefoonnommer: ____________________ Selfoonnommer: ____________________

Huisadres: ____________________

Vader: Van en Naam: ____________________

ID-nommer: ____________________ Werkgewer: ____________________

Werkgewer adres: ____________________

E-pos adres: ____________________

Werk telefoonnommer: ____________________ Selfoonnommer: ____________________

Huisadres: ____________________

____________________

Kontak persoon in noodgeval: ____________________

Verwantskap: ____________________ Kontaknommer: ____________________

## BESONDERHEDE VAN LEERDER

Van ______________________________

Voorname ______________________________

Noemnaam ______________________ Geboortedatum ______________

Allergieë / Voedsel sensitiwiteit ______________________________

Enige mediese toestand ( spesifiseer asseblief ) ______________________________

Het die leerder enige probleme waar van ons moet weet? ______________________________

## MAGTIGING VIR OP- en AFHAAL

U leerder sal slegs aan 'n gemagtigde persoon wat op hierdie vorm is, oorhandig word (ouer/voog en/of noodgeval kontak). Skryf asseblief die naam, adres en telefoonnommer van 'n ander person wat u magtiging gee om jou leerder namens jou te kom afhaal.

| Naam | Adres | Telefoonnommer |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

'n Ouer/voog kan ons telefoniese kontak om toestemming vir afhaal van leerder te gee.

## ALGEMEEN

Naam van leerder se dokter: ______________________________

Telefoonnommer van dokter: ______________________________

Naam van mediese fonds: ______________ Lidnommer: ______________

**Naam en kontakbesonderhede van persoon wat in noodgeval gekontak kan word, indien 'n Ouer nie bereik kan word nie:**

Naam: ______________ Kontaknommer: ______________

Verwantskap: ______________________________

## KONTRAK

Lees asseblief die kontrak noukeurig deur. Parafeer onderaan elke bladsy en volle handtekening op laaste bladsy. Mariè Combrinck sal namens Pieter Combrinck eienaar van die naskool **Juffrou Marié se Naskool** onderteken. 'n Afskrif van die kontrak sal aan u terug gegee word vir veilige bewaring.

Hierdie is 'n kontrak tussen ____________________________________________________________, ouers/voog van *(naam van leerder/s)* _______________________________________ en **Juffrou Marié se Naskool** vir 20__. Hierdie kontrak vervang enige ander kontrakte wat voorheen onderteken is tussen bogenoemde partye.

Ek/ons _______________________________, ouers/voog van ______________________________________ en *(naam van leerder/s)* het die kontrak deur gelees en aanvaar die voorwaardes.

Ek/ons stem in om die bedrag van R_________ voor of op die 1ste van elke maand vir twaalf maande van die jaar te betaal.

**OF**

Ek/ons het 'n debietorder vir die bedrag van R_________ wat van my/ons bankrekening afgetrek moet word op die ____ dag van elke maand.

**OF**

Ek/ons het 'n debietorder vir die bedrag van R_________ wat in vier paaiement vooruit te betaal

of R_________ vooruit vir ses maande te betaal.

of R_________ die volle bedrag vir die jaar teen 31 Januarie te betaal.

| _____________________________ | _________________________________ | ___________________ |
|---|---|---|
| Ouer / voog handtekening | **Marié of Pieter Combrinck** | Datum |

## JUFFROU MARIÉ SE NASKOOL

**Juffrou Marié se Naskool** is geleë te Aberdeenstraat 559, Elarduspark, 0181.

### Algemene voorwaardes

**Juffrou Marié se Naskool** is 'n Naskool Sentrum vir laerskoolleerders. Ons bied 'n veilige en prettig omgewing vir die leerders om in te bly en speel wanneer hulle nie in die skool is nie.

Die applikant/ouer doen hiermee aansoek om toelating van die leerder tot **Juffrou Marié se Naskool**. Wanneer die ouer/voog hierdie aansoekvorm invul en onderteken aanvaar die ouer/voog die voorwaardes hierin uiteengesit onvoorwaardelik.

Die reg van toegang tot die perseel word te alle tye voorbehou.

Alle persone en leerders wat die Naskool perseel betree, hetsy gemagtig of nie, doen dit op eie risiko.

Alle persone en leerders wat die terrein betree onderneem om die reëls en regulasies van die Naskool stiptelik na te kom.

Die skooljaar bestaan uit vier kwartale in ooreenstemming met die beleid van die Gauteng Departement van Onderwys.

**Die Naskool behou die reg om toelating tot die Naskool te weier sonder verskaffing van redes vir sodanige besluit.**

### Daaglikse skedule

| | |
|---|---|
| 13:00-13:30 | Arriveer, verklee en vryspel binne |
| 13:30-14:00 | Middagete |
| 14:00-15:30 | Huiswerk |
| 15:30-16:00 | Huiswerk - Vryspel binne of buite |
| 16:00-16:15 | Verversings |
| 16:15-17:30 | Vryspel tot huistoe gaan tyd |

### Naskool Ure

Die Naskool word gedurende weeksdae as volg bedryf:

Vanaf 13:00 tot 17:30 tydens skool kwartale

Vanaf 7:00 tot 17:30 tydens amtelike skool vakansies **('n ekstra fooi van R50.00 sal vir elke vyftien minute of deel daarvan gehef word indien u die leerder laat kom haal)**

Die Naskool is op alle openbare vakansiedae gesluit. Die skool sluit saam met die skole in Desember maar open vroër as die skole in Januarie. *(voldoende kennis sal in hierdie verband gegee word)*

## Etes en Verversings:

Die volgende etes en verversings word aan die leerders verskaf:

- 'n Gebalanseerde middagete bestaande uit 'n proteïen, stysel en groente / vrugte en sap word daagliks aan die leerders bedien.

Vakansietye:

- Soos gedurende skoolkwartale moet leerders ‘n eie kospakkie vir die oggend 10h00 inpak. Die kospakkie moet ‘n toebrooodjie en vrug insluit, ‘n volle middagete word voorsien. 16h00 Word daar ‘n versnappering bedien.

## Vakansie Klub

Die vankansie klub word elke skoolvakansie aangebied, behalwe in die Desember vakansie. Ons permanente leerders sal voorkeur kry by die Vakansie Klub maar laat toe dat ander leerders ook kan kom kuier vir ‘n ekstra fooi.

‘n Program sal voor die vakansie verskaf word met al die aktiwiteite soos gestruktureerde, speel kuns en kunsvlyt.

## Regestrasie

### *Inskrywings Fooi*

‘n inskrywings fooi van **R400** is by registrasie ‘n vereiste, om ‘n plek vir die leerder te verseker. Die fooi is nie terug betaalbaar nie.

**Voordat die leerder die naskool bywoon moet die volgende deur Juffrou Marié se Naskool ontvang word.**

### *Regestrasie vorm*

‘n Afrskrif van die ID of paspoort van die persoon verantwoordelik vir die betaling van die leerder se fooie

Twee ID foto’s van die leerder

Die ouers moet bogenoemde by **Juffrou Marié se Naskool** inhandig

## Fooie

- Die Naskool fooie van R1250-00 per maand vir 12 maande vir die jaar 2020, **betaalbaar op die 1st van elke kalender maand**.
- Maandelikse fooie is vooruitbetaalbaar voor of op die 5de dag van die maand.
- Leerders betaal R100 per dag of R300 per week as hulle by **Juffrou Marié se Naskool** wil kuier in vakansie tye.
- Die Naskool hef ‘n volle maand se fooi, al is die leerder as gevolg van siekte afwesig, of as die leerder met vakansie gaan.
- As die leerder nie ‘n volle week die naskool benodig nie is dit ook reg. Ons sal persoonlike reëling oor die maandelikse fooi tref.
- **‘n Volle maand se fooi word vir Desember gehef, al sluit die Naskool in Desember vir vakansie.**

- U moet elke jaar weer heraansoek doen om toelating tot **Juffrou Marié se Naskool** te kry, leerders wat die vorige jaar daar was kry voorkeur om aan te bly.
- Een kalender maand skriftelike kennis moet gegee word alvorens die leerder die skool wil verlaat.

### *Afslag vir 2de of 3de leerders*

'n Afslag van R150 per maand vir die tweede en R250 per maand vir 'n derde leerder sal gegee word.

## Bank besonderhede

ABSA Spaar Rek. Nom: 9093565717

Tak Kode: 632005

*Stuur aseblief bewyse van betaling na info@juffroumarie.co.za*

## Debietorderbetalings

Neem asseblief kennis dat R100 by u rekening gevoeg sal word, wanneer 'n debuut aftrekking geweier word.

Maandelikse fooie sluit alle siek dae, openbare vakansiedae en vakansies in.

Terugbetalings of krediet sal nie vir dae, weke of maande van leerder se afwesigheid by die naskool gedoen word nie.

Fooie is vooruit betaalbaar vir twaalf maande van die jaar, met afslag van 5%.

Fooie is vooruit betaalbaar voor of op die eerste werksdag van die maand.

'n 10% Boete van die maandelikse fooi word gehef vir fooie wat na die 5de van die maand in **Juffrou Marié se Naskool** se rekening verskyn.

Indien uitstaande fooie nie voor die einde van die maand betaal is nie, sal u rekening aan 'n skuldinvordering agentskap oorhandig word. In so geval sal u verantwoordelik wees vir die 10% op die uitstaande bedrag en die fooi deur die agentskap gehef.

Aan die einde van die onbetaalde maand, verloor die leerder sy plek by die Naskool. Vir die leerder om aan te bly by die skool, moet u ongelukkig weer aansoek doen vir 'n spasie vir u leerder, en ook weer 'n aansluitings fooi betaal.

As u 'n eenmalige reëling in 'n maand met **Juffrou Marié se Naskool** getref het, en u kan nie die fooie betyds soos vooraf gereël betaal nie, sal die boetes soos hierbo uiteengesit geld.

Fooie sal op 'n jaarlikse basis aangepas word.

## Afhaalbeleid

Leerders moet deur 'n volwassene in – en uitgeteken word wanneer leerders by die Naskool op – en afgehaal word. Minderjarige broers en susters kan nie leerders in –en –uitteken nie. Die Naskool is verantwoordelik vir die leerder se veiligheid van wanneer hy/sy ingeteken is tot hy/sy uitgeteken word.

**Juffrou Marié se Naskool** kan nie vir die leerder verantwoordelik gehou word nie, as die verantwoordelikheid nie skriftelik aan die naskool oorgedra is nie.

'n Aktiwiteits vorm moet ingevul word en aan die naskool personeel gegee word, sodat die doen en late van die leerder te alle tye aan **Juffrou Marié se Naskool** bekend is.

Die persone wat die leerder kom op-en weer afhaal moet skriftelik deur aan **Juffrou Marié se Naskool** gegee word.

## Oplaaibeleid

Dit is die ouers se verantwoordelikheid om die leerder nie later as 17:30 te kom afhaal nie. As u nie die leerder self kan afhaal nie moet u ander reëlings self tref.

‘n Boete van R50 per uur of gedeelte daarvan van sal van toepassing wees, indien u nie vooraf reëlings getref het nie.

Stel asseblief **Juffrou Marié se Naskool** in kennis indien ‘n persoon wat nie op haar lys is nie die leerder kom afhaal. Skriftelike of telefoniese toestemming moet deur ons ontvang word, voordat ons die leerder aan die persoon sal oorhandig.

## Skade by skool

- Die naskool is so ver moontlik vir die leerders veilig gemaak. Ongelukke gebeur. Enige skade aan die gebou of persoonlike besittings van ander wat deur u leerder ASPRIS voroorsaak word, moet deur u herstel of vervang word.
- **Juffrou Marié se Naskool** sal toerusting en speelgoed wat deur normale slytasie of stukkend raak vervang.
- Alhoewel die Naskool personeel die veiligheid van die leerder voorop stel, aanvaar, die eienaar en alle personeel – tydelik en vrywillige werknemers geen aanspreeklikheid of verantwoordelikheid vir enige skade of beserings van enige aard wat deur die leerders en ander persone verkry word. U as ouer doen hiermee afstand van enige eis teen **Juffrou Marié se Naskool en sy personeel.**
- **Juffrou Marié se Naskool** kan nie verantwoordelikheid aanvaar van leerders wat buite die skool aan buitemuurse en buitekurrikulere aktiwiteite deel neem. U as ouer aanvaar die volle verantwoordelikheid en vrywaar **Juffrou Marié se Naskool** van aanspreeklikheid wat mag ontstaan weens skade aan of verlies van die leerder se eindom, liggaamlike beserings, siekte of dood van die leerder wat deelneem aan buitemuurse – en buitekurrikulere aktiwiteite buite die naskool gronde.

## Siektebeleid

- Stel asseblief **Juffrou Marié se Naskool** in kennis indien u leerder nie die naskoon weens siekte / vakansie sal bywoon nie.
- Ouers moet asseblief ‘n leerder wat siek is (bv koors, infeksie, diarree, of enige siekte wat ander leerders kan aansteek) by die huis hou.
- Indien u leerder by **Juffrou Marié se Naskool** siek word, sal ons u vra om die leerder onmiddelik te kom haal.
- Indien ‘n leerder ‘n aansteeklike siekte het, mag hy/sy eers terug kom indien daar geen simptoom vir minstens 24 uur is nie.

- Indien u leerder aan enige allergie lei of enige medikasie daagliks moet gebruik, moet u **Juffrou Marié se Naskool** skriftelik in kennis stel.
- Die naskool personeel moet weet wat die aard van die allergie of siekte toestand is, om die leerder korrek to kan behandel
- Leerders mag onder geen omstandigehede hulle medikasie by hulle hou nie.
- Die ouer/voog gee toestemming dat die leerder ingeval van nood deur ‘n ander motor vervoer mag word.

## Beindiging van kontrak met Juffrou Marié se Naskool

Ouers moet skriftelik een kalender maand kennis gee as ‘n leerder die naskool wil verlaat indien nie sal u vir nog ‘n maand se fooi verantwoordelik wees.

Indien daar ‘n uitstaande bedrag op u rekeneing is sal u aan ‘n skuldinvorderings agentskap oorhandig word. U sal verantwoordelik wees vir die koste van die agentskap en die rente wat gehef word op die uitstande bedrag.

Skriftelike kennis sal net deur ‘n brief of e-pos aanvaar word. ‘n sms, whatsapp of enige ander vorm word nie aanvaar nie.